

Inhoud Hierdie preek wys dat die besprinkeling met water in die doop wys dat die Here Jesus ons van sonde gereinig het volgens die Abrahamsbelofte wat Hy vir ons vervul het. Die Here reinig ons en ons kinders van sonde deur sy bloed en ons verseël wat Hy doen met water in die doop. Hy was ons sonde en ons spoel af. In alle afgodsdienste maak hulle van die doop waterspeletjies wat wys hulle reinig hulle self van sonde.

Skriflesing Esegïel 36: 24 – 28; Hebreërs 10: 15 – 23; Psalm 51: 1 – 12.

Teks Heb. 10: 22 “ Laat ons daarom ingaan met ‘n opregte hart, in volle geloofsekerheid, ons harte besprinkel, vry van ‘n slegte gewete en ons liggame gewas met skoon water.

Tema Die Here reinig ons harte en ons doop met water.

1. Die Here was en ons spoel af. Die Here was ons harte skoon en ons spoel ons liggame af met water af.

Hebreërs 10:22 verkondig dat God ons harte besprinkel en ons ons liggame met skoon water afwas. Net voor hierdie vers het Hebreërs die Abrahamsbelofte in Jeremia 31: 31 – 34 direk aangehaal, wat direk ooreenkom met die Abrahamsbelofte in Esegïel 36: 24 – 28.

In vers die Abrahamsbelofte in Esegïel 36: 25 word daar ‘m onderskeid gemaak tussen die Here wat rein water oor ons sprinkel, regte water, en die Here wat ons harte reinig van afgodery en die onreinheid van ons sondes. Die besprinkeling met rein water wys dat die Here ons harte gereinig het.

Esegïel het so in die jaar 593 v.C .hierdie belofte aangekondig. So in die jaar 1000 v.C bind Dawid al in Psalm 51 dat die Here sy hart van sonde sal reinig in die woorde: “Was my heeltemal skoon van my sondeskuld. Reinig my van my sonde. Neem my sonde weg sodat ek rein kan wees, dan sal ek witter as sneeu wees.” Jesaja as profeet son om en by die jaar 740 v.C., ‘n 147 jaar voor die profeet Esegïel, verkondig ook die Here se reiniging van harte in die woorde: “Al is julle sonde so rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu. Al is dit rooi soos skarlaken, soos wol (so wit) sal dit word.”

Die Here was ons harte so wit soos sneeu en so wit soos wol!

Hebreërs neem presies hierdie onderskeid tussen rein harte en besprinkeling met water uit Esegïel 36: 25 op in vers 22 en stel dat die Here ons harte so wit soos sneeu en wol maak, deur besprinkeling en dat ons liggame gewas word met die water van die doop.

Harte so wit soos sneeu en wol deur besprinkeling en liggame gewas met skoon water in die doop!

2. Vir die kinders: waarmee was die Here ons harte?

Die Here reinig ons harte en ons doop met water

Ons harte word vuil as ons stout en lelik is. Dan voel 'n mens vuil in jou hart en om met water te bad en te skrop laat jou nooit in jou hart skoon voel nie. Die Here wys ons in Hebreërs 9: 14 en 22 waarmee was Hy ons harte skoon: Die Here was ons hart en gewete met die bloed van Jesus Christus.

Met bloed was beteken die Here sterf en betaal vir ons sondes en daarom werk sy betaling deur sy dood soos seep vir ons harte en gewete. Dit was ons harte skoon.

Wie was ons harte?

Net die Here Jesus Christus. Niemand anders kan ons harte en gewete van die vuilheid van ons sondes reinig nie. Daarom sê god in Esegël 36: "Ek sal julle reinig." God sê nooit vir ons dat ons ons eie vuil harte self moet skoon was nie. Hy sê: "Ek sal!"

Dit is net soos mas met kleintjies. Hulle sê nie vir kleintjies "gaan bad jouself nie", maar "kom laat ek jou bad!" dit is wat ons doen as ons Elri nou gaan doop. Ons sit haar in die doopbad, maar dit is net die Here wat haar hart skoonwas, nie met die water in die doopbak nie, maar met sy bloed. Hy besprinkel haar met sy bloed en maak haar hart soos wit soos sneeu en so wit soos wol.

Die water waarmee ons haar doop wys net die Here het klaar en sal altyd haar hart skoonwas. Daarom is die doop met water amper soos afspoel. Ma was met seep en kinders spoel af met water. So was die Here ons harte met sy bloed en ons wys ons is skoongewas deur die Here deur onself met water af te spoel.

Die Abrahamsbelofte wat die boek Hebreërs 10: 16 en 17 uit Jeremia 31: 31 – 34 aanhaal dat wanneer die Here hierdie nuwe skoon harte vir sy kinders gee, dat "hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle." (31:34) Die Here reinig van af die kleinste kleintjies se harte in sy verbond met sy bloed. God reinig nooit net groot mense se harte nie. Dawid bely dit die Here al van voor sy geboorte sy hart moes skoon was in Ps. 51: 7 "Kyk, in sondeskuld is ek gebore, sondig toe my moeder met my swanger geraak het."

So reinig die Here van voor haar geboorte haar hart met sy bloed. Daarom kan ons haar vandag net met die water van die doop afspoel.

3. Wat sal kleintjies doen wanneer hulle ma net vir hulle sê gaan bad en hulle nie self met seep gaan was nie?

Daar is 'n paar dinge wat gaan gebeur! Hulle gaan in die bad water klim en speel binne in die water. Hulle gaan kamer toe hardloop en speelgoed gaan haal om mee in die bad te speel en die seuntjie gaan sommer ook vir woefie bad toe vat. As ma dan kom kyk wat hulle doen gaan hulle vir haar vra om saam met hulle te speel of te staan en kyk hoe oulik hulle in die bad speel. Wat nie gaan gebeur nie is dat hulle hulself met seep gaan was.

Vandag is maak baie dominees en mense in die kerk met die doopwater speel soos kinders in die bad speel, en net soos kinders hulle nie met die seep deur die Here laat was in hulle spelery in die doopwater nie.

Die Here reinig ons harte en ons doop met water

Dit gebeur elke keer as die Rooms Katoliek Kerk babas doop. Hulle speel saam met die babas in die doopwater. Hulle doen dit só! Hulle sê die babas word deur die Here met die water gewas. Die babas kry deel aan God se genade as hulle met doopwater afgespoel word. Regtig! Hulle glo nie meer die Here se bloed was babas se harte nie. Hulle speel nou sommer net met water en maak asof hierdie speel met water babas se harte skoon was.

Al die spirituele dominees en mense maak ook so! Hulle sê die waterbad is nou hulle gehoorsaamheid. Voor hulle in die water inspring is hulle ou mense en as hulle uit die water opkom is hulle nuwe mense. Dit is net soos kinders in die bad speel. Hulle tap die bad te vol water en duik in en uit en dan sê hulle omdat hulle in en uit geduik het is hulle skoon.

Al die mense maak die groot fout om te dink dat die Here soos 'n ma is wat vir kinders sê om self te gaan bad, maar nie die kinders self met seep was nie. Die Here maak nie so nie. Hy was kinders self met sy bloed sodat hulle harte so wit soos sneeu en wol is. Ons moet hulle net met doopwater afspoel.

So doop ons Elri vanoggend. Die Here het haar deur sy bloed gereinig, sy seep, een keer vir altyd en ons spoel haar met doopwater af, een keer vir altyd. Doopwater spoel net af. Dit reinig niks nie.

4. Hoe weet ons nou speel ouers regtig met die doopwater net soos kinders in 'n bad?

So! Baie dominees en ouers maak deesdae so! Hulle sê wanneer ons Elri doop dan sit ons haar in die bad, maar die Here was nie haar hart skoon met sy bloed nie. Eers eendag as sy so 8 of 12 jaar oud is moet sy eers die Here mooi vra om haar hart te reinig voor Hy haar hart was. Tot en met dan moet sy net in die doopwater sit en wag. So moet sy vir 12 jaar lank alleen in die doopwater sit terwyl die Here haar nie was nie. Kan julle dink dat ouers vir kinders kan sê gaan sit vir agt ure lank alleen in die bad en eers daarna as jy my mooi vra sal ek jou met seep kom was. Dit sal 'n baie wrede speletjie wees, en daarom is dit nie waar nie. Die Here reinig Elri se hart en ons spoel haar met water in die doop af. Sy gaan nooit in die doopwater sit en wag die Here om haar te kom was nie. Hy het dit klaar gedoen.

Mog so snaakse doopwaterspeletjie wat mense speel is dat hulle sê dit is nie nodig dat die Here babas en kleuters se harte skoonwas as nie, want hulle maak nie hulle harte vuil nie. Daarom kan jy maar eers wees so 8 of twaalf jaar wag want die Here eers dan maak kinders hulle harte vuil met stout wees en lelik wees, en eers dan moet die Here hulle harte was en ons hulle afspoel.

Dit is sommer nonsens. Wanneer begin 'n ma 'n baba was? Die dag as hy of sy gebore word en dan elke dag. Kyk weer wat sê Dawid! Hy was in sondeskuld as baba gebore en al 9 maande voor sy geboorte was hy al sondig. (Ps.51:7) Die Here reinig ons as gelowiges se kinders vandat hulle gebore is en daarom kan ons hulle van geboorte af met doopwater afspoel.

Die Here reinig ons harte en ons doop met water

Die Here sal nooit kleintjies vir agt of twaalf jaar vuil los en eers na 8 of twaalf jaar hulle reinig wanneer hulle Hom kom mooi vra om hulle te reinig nie. Die Here sê Hy was klein en groot en Hy doen wat hy sê. (Eseg.36: 25)

5. Kinders wat in 'n bad sit sonder 'n ma met seep speel met speelgoed in die bad! Hulle was hulle self nooit met seep nie.

Daar is nou al baie sulke speelgoed wat priesters, pastore en dominees in die doopwater gooi sodat hulle en mense met speelgoed in die doopwater speel.

Rooms Katolieke priesters sit al die volgende speelgoed by die doopwater wanneer hulle kinders doop. Hulle vat olie en maak met olie 'n kruise op die baba, van sout en vryf sout op die baba se lyfie en swaai wierook in 'n kannetjie oor die baba wat hulle doop. Dit doen hulle terwyl hulle al sulke snaakse woorde prewel wat nie die woorde van die Here vir die doop is nie. So is hulle besig om met speelgoed te speel in die doopwater omdat hulle glo die doopwater reinig babas van sondes.

Net so speel dominees ook vandag met speelgoed in die doopwater. Hulle sal Elri afspoel met water doop en dan vir haar ouers 'n kers gee en vir hulle die opdrag gee dat sy elke jaar op die dag wat sy gedoop is, haar doopkers moet opsteek sodat sy kamstig kan onthou sy was met water afgespoel gewees.

'n Doopkers is speelgoed in die doopwater. Ons spoel vir Elri af met die doop sodat sy kan onthou die Here reinig altyd haar hart. Om 'n kers op te steek om te onthou jy is afgespoel is sommer net 'n doopwaterspeletjie. Die kers wys kinders nooit die Here het hulle harte gereinig nie.

So maak grootmense deesdae baie doopwaterspeletjies met die doopwater op. Hulle sit 'n bak water voor by die kerk se deur en dan moet jy eers jou skone en kouse uitstrek en jou voete in die water sit voor jy in die kerk kan inkom, sodat jy kan onthou jy is afgespoel. Net so sit hulle 'n bakkie water by die kerkdeur en dan moet jy eers jou vingers in die water sit en met die water 'n kruisie op jou kop maak voor jy in die kerk kan inkom of wanneer jy geloof bely moet jy met jou vingers in die doopwater vroetel en partykeer moet jy saam met die dominee deur 'n swembad of rivier gaan swem om te onthou jy is gedoop.

Alles waterspeletjies omdat hulle nie glo die Here het babas met sy bloed klaar gereinig en ons het hulle net afgespoel met doopwater nie. God gee nooit vir ons speelgoed om in die doopwater mee te speel nie. Hy was ons harte met sy bloed en ons spoel af met doopwater om te wys die Here het klaar gereinig.

6. Die Here los ons nooit alleen in die doopwater, die badwater nie.

Die Here stuur ook nooit die groot kinders om die klein kinders te bad nie. Dit gebeur baie keer in huise. Ma's is moeg en oorwerk en dan sê hulle vir die groter kinders om die kleintjies te gaan bad.

Dit is 'n fout. Wat sal gebeur as tannie Altamarie vir die groter kleintjies Thalia en Phillip sê, hulle moet vir Elri gaan bad? Hulle gaan saam met hulle sussie in die water speel. Hulle gaan haar nie met seep skoon was nie.

Die Here reinig ons harte en ons doop met water

Dit sal ook gebeur wanneer die Here vir die grootmense in die kerk, die dominee, die kerkraad en die ouers sê hulle moet die klein kindertjies gaan bad – die grotes gaan met die kleintjies in die doopwater speel.

Die Here los ons babas nooit om met die grootmense in die doopwater te speel nie. Hy self as die Here reinig die babas se harte met sy bloed, en so maak Hy hulle altyd skoon vir sy liefde. Wanneer die Here vir die grootmense die opdrag gee: “Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, dan sê die Here: “ spoel hulle af met water want Ek het hulle harte met my bloed skoon gewas.

En dit is wat ons doen as ons Elri doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees! Ons spoel haar af om te wys sy behoort aan die Vader omdat die Heilige Gees haar hart met die bloed van die Seun, Jesus Christus.

Kom ons glo in wat die Here met ons kinders doen en kom ons glo aan wat die doop vir ons wys Hy met hulle gedoen het. Kom ons verwerp al die waterspeletjies in die kerk met die doopwater want in al hierdie speletjies glo mense die Here doen niks vir kinders en daarom moet die grootmense hulle bad met doopwater.

Die Here reinig ons kinders se harte met sy bloed en los hulle nooit met sy groot kinders alleen in die badwater nie.

Kom ons spoel Elri af met die doopwater want die Here het haar hart met sy bloed gereinig. Kom ons doop Elri.